

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

OFFISIELLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA



PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGawe OP GESAG

20c

Tuesday 27 February 1979

WINDHOEK

Dinsdag 27 Februarie 1979

No. 3908

Government Notice

Goewermentskennisgewing

The following Government Notice is published for general information.

J. F. GREEBE
Secretary for South West Africa

Administration of South West Africa
Windhoek.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

J. F. GREEBE
Sekretaris van Suidwes-Afrika

Administrasie van Suidwes-Afrika
Windhoek.

No. 46]

[27 February 1979

ORDINANCE, 1979: PROMULGATION OF

The Administrator-General has assented, in terms of section 27 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act:—

No. 2 of 1979 Additional Appropriation Ordinance (1978-79), 1979

No. 46]

[27 Februarie 1979

ORDONNANSIE, 1979: UITVAARDIGING VAN

Die Administrateur-generaal het, ingevolge artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968), tot die volgende Ordonnansie toegestem wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word ingevolge artikel 29 van genoemde Wet:—

No. 2 van 1979 Addisionele Begrotingsordonnansie (1978-79), 1979

**No. 2 of 1979 ADDITIONAL APPROPRIATION ORDINANCE
(1978-79), 1979**

*(Assented to 23 February 1979)
(Afrikaans text signed by the Administrator-General)
(Date of commencement 27 February 1979)*

ORDINANCE

To appropriate a further amount of money for the services of the Territory of South West Africa for the financial year ending 31 March 1979.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, with the consent of the Administrator-General, in so far as such consent is necessary, previously obtained and communicated to the Assembly by the Chairman of the Assembly, as follows:-

Territory Revenue Fund charged with R28 777 506 on Revenue Account.

1. The Territory Revenue Fund is hereby charged, on the Revenue Account, with the amount of twenty-eight million seven hundred and seventy-seven thousand five hundred and six rand, as shown in the Schedule, to meet certain expenditure over and above the amounts appropriated for the services of the Territory for the financial year ending 31 March 1979 as specified in Ordinance 6 of 1978.

Application of money.

2. The money appropriated by this Ordinance shall be applied to the services detailed in the Schedule and more particularly specified in the Additional Estimates of Expenditure (S.W.A. 5-1979) approved by the Legislative Assembly, and subject to section 3 hereof, and to no other purpose.

Executive Committee may approve variation.

3. With the approval of the Executive Committee, a saving on any subhead of a vote may be applied to meet excess expenditure on any other subhead, or expenditure on a new subhead, of the same vote: Provided that the amounts appearing in column 2 of the Schedule to Ordinance 6 of 1978 shall not be exceeded, nor shall savings thereon be applied for any purpose other than that for which the money was appropriated as indicated in the said Schedule.

Short title.

4. This Ordinance shall be called the Additional Appropriation Ordinance (1978-79), 1979.

**ADDISIONELE BEGROTINGSORDONNANSIE No. 2 van 1979
(1978-79), 1979**

(Goedgekeur 23 Februarie 1979)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur-generaal onder-teken)

(Datum van inwerkingtreding 27 Februarie 1979)

ORDONNANSIE

Tot beskikbaarstelling van 'n verdere bedrag geld vir die dienste van die Gebied Suidwes-Afrika vir die boekjaar wat op 31 Maart 1979 eindig.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika, met die toestemming van die Administrateur-generaal dermate sodanige toestemming nodig is vooraf verkry en deur die Voorsitter van die Vergadering aan die Vergadering meegegee, VERORDEN SOOS VOLG:-

1. Die Gebiedsinkomstefonds word hiermee op die Inkomsterekening belas met die bedrag van agt-en-twintig miljoen sewehonderd sewe-en-sewentig duisend vyfhonderd en ses rand, soos uiteengesit in die Bylae, tot dekking van sekere uitgawes bo en behalwe die bedrae beskikbaar gestel vir die dienste van die Gebied vir die boekjaar wat op 31 Maart 1979 eindig soos in Ordonnansie 6 van 1978 vermeld is.

Gebiedsinkomstefonds
belas met R28 777 506 op
Inkomsterekening.

2. Die geld wat deur hierdie Ordonnansie beskikbaar gestel word, moet aangewend word vir die dienste in besonderhede vermeld in die Bylae en meer omstandig uiteengesit in die Bykomende Begroting van Uitgawe (S.W.A. 5-1979) deur die Wetgewende Vergadering goedgekeur, en behoudens artikel 3 hiervan, en vir geen ander doel nie.

Aanwending van geld.

3. Met die goedkeuring van die Uitvoerende Komitee kan 'n besparing onder enige subhoof van 'n begrotingspos aangewend word tot dekking van 'n oorskryding onder enige ander subhoof, of van uitgawe onder 'n nuwe subhoof, van dieselfde begrotingspos: Met dien verstande dat die bedrae wat in kolom 2 van die Bylae tot Ordonnansie 6 van 1978 voorkom, nie oorskry mag word nie, en besparings daarop ewe min aangewend mag word vir enige ander doel as dié waarvoor die geld beskikbaar gestel was soos in die gemelde Bylae aangedui.

Uitvoerende Komitee kan
afwyking goedkeur.

4. Hierdie Ordonnansie heet die Addisionele Begrotings-ordonnansie (1978-79), 1979.

Kort titel.

No. 2 of 1979

**ADDITIONAL APPROPRIATION ORDINANCE,
(1978-79), 1979**
Schedule

(CHARGEABLE TO REVENUE ACCOUNT)

No.	Title	Amount R	Vote
1	Administration	450 000	
2	Legislative Assembly	5 000	
3	Education	645 000	
4	Works	610 000	
5	Health	1 019 000	
7	Nature Conservation and Tourism	422 000	
8	Transport	194 000	
9	Pensions and Gratuities	295 000	
10	Audit	9 000	
11	Local Government	1 526 506	
15	Appropriation to the Territorial Development and Reserve Fund	1 000 000	
16	Contribution from the Territory Revenue Fund to the South-West Africa Account .	<u>22 602 000</u>	
TOTAL		28 777 506	

No. 3908 Buitengewone Offisiële Koerant 27 Februarie 1979 5
 ADDISIONELE BEGROTINGSORDONNANSIE No. 2 van 1979
 (1978-79), 1979
 Bylae

(TEN LASTE VAN INKOMSTEREKENING)

Begrotingspos

No.	Titel	Bedrag R
1.	Administrasie	450 000
2.	Wetgewende Vergadering	5 000
3.	Onderwys	645 000
4.	Werke	610 000
5.	Gesondheid	1 019 000
7.	Natuurbewaring en Toerisme	422 000
8.	Vervoer	194 000
9.	Pensioene en Gratifikasies	295 000
10.	Oudit	9 000
11.	Plaaslike Bestuur	1 526 506
15	Aanwending tot die Gebiedsontwikkelings-en -reserwefonds	1 000 000
16	Bydrae uit die Gebiedsinkomstefonds tot die Suidwes-Afrikarekening	22 602 000
	TOTAAL	28 777 506